CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

## Dien benoemings vir die buurtwagtoekennings in

Die buurtwagtoekennings vereer geakkrediteerde vrywilligers wat meer gedoen het as wat in die uitvoering van hul pligte van hulle verwag is.

### Oor die toekennings

**Let wel**

Jy kan jou benoemings vir die buurtwagtoekennings vir 2025 tot 23:59 op Vrydag 31 Oktober 2025 indien.

Die Stad vereer elke jaar geakkrediteerde buurtwagvrywilligers wat uitsonderlike dienste aan hul gemeenskap gelewer het.

### Toekenningskategorieë

Jy kan 'n individuele buurtwaglid of 'n hele buurtwag benoem. Jy kan ook dieselfde persoon of buurtwag in meer as een toekenningskategorie benoem, maar jy sal afsonderlike benoemings vir elkeen moet indien.

**Toekenningskategorieë vir individuele lede:**

- Buurtwaglid van die Jaar: 'n lid wat die doel van die beveiliging van sy lede en eiendom met uitnemendheid handhaaf.
- Organisatoriese uitnemendheid: vir uitnemendheid in buurtwagbestuur.
- Mobiliseerder van die Jaar: vir uitsonderlike werk om gemeenskappe ter ondersteuning van veiligheid te mobiliseer.
- Inspirasie van die Jaar: 'n buurtwagleier wat inspirerende openbare leierskap regoor talle buurtwagte heen getoon het ter ondersteuning van gemeenskapsveiligheid en in openbare belang.
- Misdaadbestryder van die Jaar: vir uitsonderlike, onbaatsugtige, professionele en toegewyde diens in die stryd teen misdaad.
- Dapperheid in aksie: ter erkenning van volgehoue buurtwagoperasies ondanks hoogs gekompromiteerde gemeenskapsveiligheid, soos dwelmaktiwiteit of bendegeweld.

**Toekenningskategorieë vir buurtwagte:**

- Buurtwag van die Jaar: 'n organisasie wat die doel van die beveiliging van sy lede en eiendom met uitnemendheid teen misdaad en ander veiligheidskwessies handhaaf.
- Toekenning vir situasionele misdaadvoorkoming: ter erkenning van uitsonderlike werk met die oog op 'n skoon, gesonde en veilige omgewing waarin lede van gemeenskappe waardige lewens kan lei.
- Toekenning vir maatskaplike verantwoordelikheid: ter erkenning van optrede in 'n diepe verbintenis tot die versagting en genesing van maatskaplike euwels vir gesonder, inklusiewe en verenigde gemeenskappe.
- Toekenning vir dapperheid in aksie: ter erkenning van volgehoue buurtwagoperasies ondanks hoogs gekompromiteerde gemeenskapsveiligheid.
- Toekenning vir Rampverligtingsbydraer van die Jaar: ter erkenning van 'n buurtwag wat 'n uitnemende bydrae tot die Stad se rampbestuur-skenkingsveldtog gemaak het.
- Toekenning van beste gebruik van tegnologie: innoverende en doeltreffende gebruik van tegnologie om veiligheid te verbeter.

### Hoe om te benoem

**Let wel**

**Jy kan net buurtwaglede of -organisasies benoem wat by die Wes-Kaapse regering se departement van polisietoesighouding en gemeenskapsveiligheid (Western Cape Government Department of Police Oversight and Community Safety) geakkrediteer is of hul aansoek om akkreditering formeel ingedien het. As jy nie seker is nie, stuur 'n e-pos met die lid of groep se besonderhede aan *neighbourhood.watch@westerncape.gov.za*.**

**Vul die regte vorm in om jou benoeming in te dien**

Jy sal bewyse saam met jou aansoek moet indien. Kombineer die bewyse in **een dokument, maksimum 10MB**. Dit kan insluit:

- Ondertekende en gedateerde beëdigde verklarings en/of ondersteuningsbriewe – van individue in die gemeenskap, godsdiensorganisasies, stasiebevelvoerders van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) or 'n hoofonderwyser by die plaaslike skool.
- Getuigskrifte van inwoners in die plaaslike gebied asook ander lede van 'n buurtwag.
- Brief van jou wyksraadslid waarin die prestasies of werk wat die buurtwag of 'n individuele lid gedoen het, uitgelig word.
- Koerantuittreksels – neem 'n foto van die dekking.
- Resensies en kommentaar op sosiale media: kopieer en plak, of neem 'n skermfoto van positiewe kommentaar op Facebook en X (Twitter).
- 'n Brief van jou buurtwagkoördineerder waarin jou status as 'n aktiewe lid bevestig word.

**Dien jou vorm teen 23:59 op Vrydag 31 Oktober 2025 in. Laat benoemings sal nie aanvaar word nie.**

**Skakel ons**

E-pos
*nw.awards@capetown.gov.za*